**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 JULIE 2024 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. M Mseleni | : | Interne Ouditeur |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. VK Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/07/2024**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Isaacs die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat op die "YouTube" platform ingeskakel is.

***

**RVN002/07/2024**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadslid Moolman - afwesig met verskoning (SALGA opleiding in Worcester)

Die Speaker meld dat Raadsheer Manuel virtueel ingeskakel sal wees gedurende die vergadering.

***

**RVN003/07/2024**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/07/2024**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JUNIE 2024</u>**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Dinsdag 25 Junie 2024, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN005/07/2024**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JUNIE 2024</u>**
**3/3/2/2**
***(Die Implementeringsverslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Speaker lei die item in.

Op navraag van Raadslid Daniels rakende RVN006/06/2024 oor die korrektheid van die stemming vir die Aansuiweringsbegroting meld die Speaker dat hy na die video-opname op die "YouTube" platform gekyk het en bevestig hy dat die notulering korrek was en dat almal eenparig gestem het vir die Aansuiweringsbegroting.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 25 Junie 2024.

***

**RVN006/07/2024**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/07/2024**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings:</u>

<u>LIEF</u>

- Dat Raadslid Daniels, op Maandag 05 Augustus 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag;
- Dat Raadslid Small, op Dinsdag 06 Augustus 2024 verjaar en wens die Speaker haar namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met haar komende verjaarsdag;
- Dat Raadsheer Manuel, op Vrydag 16 Augustus 2024 verjaar en wens die Speaker hom namens die Raad geluk, seënwense en sterkte toe met sy komende verjaarsdag;
- Dat Suid-Afrika een goue medalje en twee brons medaljes verwerf het by die Olimpiese Spele in Parys;
- Dat die Boland Kavaliers die "Carling Currie Cup First Division" kompetisie gewen het; en
- Dat verskeie gemeenskapslede suksesse behaal het en wil hy die Raad se gelukwensing, seënwense en sterkte oordra aan die publiek met die onderskeie prestasies.

<u>LEED</u>

- Dat McNolan Plaatjies, werksaam in die Gemeenskapsdienste direktoraat, se pa oorlede is en wens die Speaker namens die Raad hom en sy familie sterkte toe in hierdie moeilike tyd;
- Raadsheer Du Plooy meld dat Valentyn Faro, werksaam in die Tegniese Dienste direktoraat, se pa oorlede is en wens die Speaker namens die Raad hom en sy familie sterkte toe in hierdie moeilike tyd; en
- Dat verskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

'n Minuut van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

***

**RVN008/07/2024**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/07/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/07/2024**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VERSOEK TOT TOEKENNING VAN ERF: VLOTMAN GESIN, VELDDRIF**
**17/15/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item breedvoerig in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad goedkeuring gee ten einde voorsiening te maak om ‘n erf van Bergrivier Munisipaliteit toe te ken aan die Vlotman gesin, op ‘n meriete geval.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**RVN011/07/2024**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: OORBRUGGINGSFONDSE AAN GOEDVERWACHT WATERSTELSEL**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***(Die Hoof: Behuisingsadministrasie verlaat die vergadering om 14:19)***

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die agtergrond en bespreking met betrekking tot hierdie noodsituasie in Goedverwacht; en
2. Dat die Raad die oorbruggingsbefondsing vanuit die goedgekeurde begroting goedkeur tot ’n maksimum bedrag van R750 000 en dat die Provinsiale befondsing gebruik word om die posnommer aan te vul tot die bedrag wat daaruit spandeer is.

***MUNISIPALE BESTUURDER, DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE & DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN012/07/2024**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN ERF 1283, VELDDRIF**
**VD. 1283**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Hierdie besluit vervang Raadsbesluit no. RVN031/10/2023 van 31 Oktober 2023;
2. Dat die Suid-Oostelike gedeelte Restant Erf 1283, Velddrif nie benodig word vir munisipale dienslewering;
3. Dat die Suid-Oostelike gedeelte Restant Erf 1283, Velddrif (±2 ha groot) per publieke tender beskikbaar gestel word vir ‘n huurtermyn van 9 jaar 11 maande

uitsluitlik vir die verbouing van groente, vrugte, blomme of ander plantgewasse, en verder onderhewig aan die volgende:

a. Dat geen vee van enige soort op die grond aangehou mag word nie;

b. Dat geen permanente strukture op die gedeelte grond opgerig mag word nie;

c. Dat geen bewoning op die erf mag geskied nie, met dien verstande dat opsigters/sekuriteitsbeamptes ‘n tydelike struktuur van nie meer as 10m² in totale vloeroppervlakte op die eiendom mag beman;

d. Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees om ‘n tydelike/draagbare chemiese toilet of ander verwyderbare ablusie gerief op die eiendom te voorsien;

e. Bouplan aansoeke by die Boubeheerbeampte ingedien moet word vir die goedkeuring van enige tydelike strukture voordat dit op die perseel opgerig mag word;

f. Dat die huurder geregtig sal wees om tydelike strukture wat aangebring word te verwyder by verval van die huurooreenkoms;

g. Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees om alternatiewe water, anders as Munisipale gesuiwerde riool water, vir besproeingsdoeleindes te bekom, en die nodige permitte van Departement van Waterwese daarvoor te verkry;

h. Die suksesvolle tenderaar sal self verantwoordelik wees vir aansluiting tot munisipale dienste, indien nodig, asook betaling van diesulke dienste;

i. Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees vir die omheining, beveiliging, skoonmaak en instandhouding van die grond;

j. Dat ‘n terugval klousule wat soos volg lees: “Indien die bate nie meer vir landboubedrywighede aangewend word nie of benodig word vir Munisipale dienslewering, mag die huurooreenkoms gekanselleer word deur wedersydse billike kennis van 30 dae te gee of tot laaste oes verwyder word” as voorwaarde in die kontrak vervat word sou die Raad die eiendom beskikbaar stel vir verhuring;

k. Dat die Munisipaliteit nie verantwoordelik gehou kan word vir enige uitgawes wat deur die huurder self of deur befondsers op die perseel aangegaan word nie;

l. Dat geen onderverhuring mag plaasvind;

m. Dat die minimum jaarlikse huurbedrag bepaal word as seshonderd rand (R600); en

n. Dat 'n tender voorwaarde gestel word dat die suksesvolle tenderaar 'n klein opkomende boer of opkomende landbouorganisasie moet wees.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN013/07/2024**
**<u>DRAFT CALENDAR FOR 2024 / 25 FINANCIAL YEAR: TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES</u>**
**2/1**

Die Speaker lei die item kortliks in.

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks die onderstaande veranderinge deur soos versoek in die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering:

- Dat die Strategiese Sessie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aangebring word op die kalender wat plaasvind vanaf Woensdag 14 Augustus 2024 tot Vrydag 16 Augustus 2024;
- Dat die geskeduleerde MPAC vergadering van Vrydag 16 Augustus 2024 verskuif word na Vrydag 30 Augustus 2024; en
- Dat die NATIS kantoor in Velddrif en Piketberg op beide Saterdag 14 en 21 Desember 2024 oop sal wees.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**
**RESOLVED**

That the draft Calendar for the 2024/25 financial year be approved.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN014/07/2024**
**PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE: EXTENSION OF TERM FOR MRS MERLE KINNES**
**12/2/2/1**

The Internal Auditor gave a brief background of the item under discussion.

Various inputs and comments are provided by the Committee members.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council notes that Mrs. Kinnes first term as a member of the Performance, Risk and Audit Committee is coming to an end on 31 August 2024; and
2. That Council approves that Mrs. Kinnes be appointed for a second term of three (3) years as a member of Bergrivier Municipality's Performance, Risk and Audit Committee with effect from 1 September 2024 until 31 August 2027.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN015/07/2024**
**WASTE OFFICER FOR BERGRIVIER MUNICIPALITY**
**16/6/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item breedvoerig in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem dat die Direkteur: Tegniese Dienste tans besig is om Mev. Jamie van Zyl die delegasie te gee om vir Bergrivier Munisipaliteit te verteenwoordig as die aangewese Afvalbestuurs Beampte.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVA016/07/2024**
**2023 / 2024 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 01 APRIL – 30 JUNE 2024 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**

Die Speaker lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (1 April - 30 June 2024) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2024.

*******

**RVN017/07/2024**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: MAY 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for May 2024.

***

**RVN018/07/2024**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: MAY 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council take note of the May 2024 Supply Chain Management Implementation Report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

***(Die Interne Ouditeur verlaat die vergadering om 14:33)***

**RVA019/07/2024**
**AMENDED: IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY IN TERMS OF SECTION 6(1)(3) OF THE MUNICIPAL REGULATIONS FOR THE FOURTH QUARTER OF THE FINANCIAL YEAR 2023 / 2024**
**5/1/1**

Die Speaker lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council consider and take note of the Supply Chain Management implementation report for the period 01 July 2023 to 30 June 2024 representing the fourth quarter of the 2023/2024 financial year. (The report is accumulative from 01 July 2023); and
2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***

**RVA020/07/2024**
**AFVALBESTUUR EN HERWINNING**
**16/6/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item breedvoerig in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council gives the in-principle commitment for the projected timelines and financial cost for the decommissioning of the Redelinghuys, Aurora, Porterville and Piketberg Waste Disposal Facilities (WDFs);
2. That the approval will form part of the Municipality's motivation to the Department of Environmental Affairs and Development Planning (DEA&DP) for the renewal of the Waste Management Licenses (WMLs); and
3. This renewal will allow for the continued lawful operation and eventual decommissioning of the Municipal Waste Disposal Facilities (WDFs).

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**RVN021/07/2024**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED: FRIDAY 01 MARCH 2024**
**3/3/2/2**

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council takes note of the Risk Committee meeting's minutes as held on Friday 01 March 2024.

***

**RVN022/07/2024**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED: FRIDAY 15 MARCH 2024**
**3/3/2/2**

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council takes note of the Performance, Risk and Audit Committee meeting's minutes as held on Friday 15 March 2024.

***

**RVN023/07/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN024/07/2024**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN025/07/2024**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

*******

**RVN026/07/2024**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: PERFORMANCE BONUS FOR SENIOR MANAGER AND MUNICIPAL MANAGER**

Geen

*******

**RVN027/07/2024**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

*******

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:43***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***